13 September 2026

Oggenddiens

Sing: Ps. 68:1,5; Ps. 68:9; Ps. 43:1,4; Ps. 78:3,4; Ps. 116:1,9,10.

Lees: Eks. 17:1-7; Matt. 4:5-7

Teks: Matt. 4: 5-7

Tema: Christus het nie sy Vader versoek nie sodat ons sekerheid van sy sorg kan hê

Opstand deur twyfel

Ons glo en bely dat die Here se raad altyd tot uitvoering sal kom en dat Hy oor alles in ons lewe regeer. Soms voel ons egter of ons alleen staan en asof ons Vader ons alleen gelaat het. Dikwels wil ons dan in ons beproewing hê dat die Here homself aan ons moet bewys. In die tweede versoeking poog die duiwel om Jesus te mislei dat hy sy Vader sal versoek. As hy dan die Seun van God is sal Hy hom van die tempel se dak afwerp en dan sal die Vader hom opvang. Dan sal die Vader aan sy sorg aan sy kind betoon.

Weerstand teen versoeking

Die poging van die duiwel is om te probeer bewys dat as die Vader se woorde nie betroubaar is nie is Hy ook nie betroubaar nie. In die Psalm wat die duiwel aanhaal gaan dit egter daaroor dat die gelowige juis sy veiligheid en beskerming by die Here kan vind in die midde van beproewinge. Daarom eis die Here vertroue in Hom. Hy is die skepper wat alles geskape het en alles onderhou en regeer. Wanneer ons wil probeer om die Here te toets tas onsin wese sy getrouheid aan.

Sekerheid in vertroue

Alhoewel die duiwel op ‘n slinkse manier aanhou poog om Jesus se vertroue in sy Vader aan te val, kom die antwoord van Christus baie duidelik. Uit die Skrif antwoord hy dat ons nie die Here mag versoek nie. As ons Hom versoek kom dit neer op die oortreding van die eerste en die tweede gebod. Christus was egter volkome en volmaak aan sy Vader gehoorsaam. Daarom kan ons op grond van sy gehoorsaamheid volkome op ons Vader vertrou in die midde van ons beproewinge.

Tweede diens

Sing: Ps. 19:1,2,3; Ps. 19:4,5; Ps. 19:6,7.

Lees: Psalm 19; NGB 2

Teks: NGB 2

Tema: Ons ken God alleen deur sy openbaring in die natuur en die Skrif

Die middele van God se openbaring

Dit wat ons van die Here bely kan ons alleen op twee wyses ken. Die Here openbaar homself in die natuur en die Skrif. Dit is belangrik dat ons sal verstaan hoekom dit noodsaaklik is dat ons God ken. Ons kennis van die Here berus egter net op dit wat Hy van Homself bekend wil maak sodat ons in die regte verhouding met Hom kan leef. Psalm 19 is ’n gedig wat die rykdom van die Here se openbaring in die skepping en in die Skrif besing.

Die inhoud van God se openbaring

Die middele waardeur die Here hom aan ons bekend maak het ’n besondere inhoud wat vir die Here se kinders belangrik is. Die natuur openbaar die skepping, onderhouding en regering van alle dinge. I die Skrif openbaar Hy die weg tot verlossing en redding in Jesus Christus. Die openbaring in die natuur en die Skrif spreek nie teen mekaar nie, maar in die Bybel word wat die Here in die natuur openbaar het bevestig.

Die doel van God se openbaring

Hierdie wonderlike openbaring wat die Here aan sy kerk gegee het, het ’n besondere doel, naamlik sy eer en heerlikheid. Wanneer ons die wonder dade en almag van die Here in die natuur aanskou vervul dit ons met verwondering en kan ons Hom groot maak. Wanneer ons die bladsye van die Bybel oop slaan kan ons hom verheerlik want daarin sien ons sy genade en barmhartigheid. Eindelik word ons hele lewe daardeur gerig.